



NASIONALE  
NATIONAL

MUSEUM

NUUS  
NEWS

## ONS NUUSBRIEF

Dit is ongetwyfeld so dat die beoefenaars van een bepaalde beroep gewoonlik oningelig is oor ander nie-aanverwante werkgigtings en die aktiwiteite daaraan verbonde. So blyk dit voortdurend dat daar by die algemene publiek 'n gebrek aan kennis oor die doelstellings en werksaamhede van museums bestaan. Deur middel van hierdie ses-maandelikse Nuusbrieff sal gepoog word om hierdie leemte aan te vul.

Die Nasionale Museum stel hom ten doel om inligting oor bepaalde vakgigtings in die Natuur- en Kultuurgeskiedenis te versamel en om dié kennis oor te dra. Om aan hierdie eise te voldoen, is die Museum daarop aangewese om voorwerpe van natuur- en kultuurhistoriese belang te versamel, te bewaar, te bestudeer en te beskryf. Die kennis wat so opgedoen word, word op visuele en audio-visuele wyse aan die museumbesoeker oorgedra. Uitstallings word gemaak, begeleide toere word onderneem, praatjies, demonstrasies, rolprent- en skyfie-vertonings word aangebied, waardeur die besoeker nie slegs van nuwe inligting voorsien word nie, maar ook tot selfstudie geprikkel word. Dit word vertrou dat hierdie Nuusbrieff sal bydra tot die uitbreiding, verbetering en wyer bekendstelling van die opvoedkundige dienste van die Museum. Ter aanvulling van die bestaande dienste wat die Museum op hierdie gebied lewer, sal daar in die volgende uitgawes voorligting, wenke, planne en resepte met betrekking tot skool- en ander projekte oor natuur- en kultuurhistoriese onderwerpe gegee word. Daar sal ook vertel word van die navorsingswerk deur die personeel, die doel en resultate daarvan, asook tegniese publikasies daaroor. Daarbenewens sal met woord en beeld verduidelik word hoe die Museum funksioneer, watter voorwerpe in die versamelings is, waarvandaan dit afkomstig is, watter aanwinste ontvang is, wie hulle geskenk het en nog baie meer.

Die opvoedkundige dienste van die Nasionale Museum is gratis ter beskikking van almal wat daarom aansoek doen. Ook toegang tot die Museum is gratis.

Persone wat georganiseerde groepe na die Museum wil bring, moet vooraf met die opvoedkundige beampte skakel sodat die nodige reëlings getref kan word, hetsy vir begeleide toere, praatjies, lesings, demonstrasies of rolprent- en kleurskyfievertonings oor 'n groot verskeidenheid onderwerpe.

Die personeel sal ook sover montlik behulpsaam wees met die oplossing van spesifieke probleme waarmee onderwysers of lede van die publiek te kampe kry.

Een eksemplaar van elke uitgawe van die Nuusbrieff word gratis aan alle Vrystaatse skole versend. Die name van vriende van die Museum, onder wie persone wat voorwerpe geskenk het of op die een of ander wyse besondere belangstelling in die Museum getoon het, word ook in die versendingslys opgeneem. Eksemplare sal ook oor die verkoopstoonbank van die Museum beskikbaar wees. Skriftelike aansoeke om eksemplare van die Nuusbrieff moet gerig word aan: Die Direkteur, Nasionale Museum, Postbus 266, Bloemfontein.

## OUR NEWSLETTER

The lack of insight into, and understanding of, the various professions today is indubitably due to the highly specialized natures of the various professions and careers. This is regularly encountered with regards to the general public, who are unaware of the aims and activities of Museums. With the publication of this bi-annual Newsletter, we hope to bridge this gap, at least partially.

It is the aim of the National Museum to assemble information about specific aspects of both Natural and Cultural history, and to convey this to the public.

In order to achieve these purposes the museum must collect, preserve, and do research on, objects of natural and cultural origin. The knowledge which is accumulated is then represented visually and audio-visually. Displays are made, conducted tours organised, and lectures, demonstrations, film and slide shows presented. Through these media the visitor is provided, not only with new information, but also stimulated to self-study. It is hoped that this Newsletter will accentuate, extend and publicize the educational facilities offered by the National Museum. In addition, to this, we will publish, in coming issues, information, hints, plans, recipes, etc., applicable to school, and natural and cultural history projects. Furthermore, the aims of research done by staff members as well as the results thereof will be discussed, and a resumé of technical publications will also be incorporated. Articles and photographs will describe and illustrate how the museum functions, what objects can be seen amongst its collections, where and how these were obtained, etc. Details about new acquisitions and their donors will also be given.

There are no costs involved in utilizing the educational facilities offered by the Museum. These services are rendered free of charge and are available on request. Even admission to the Museum is free.

Persons wishing to bring organised groups to the Museum should contact the educational officer so that arrangements can be made for guided tours, talks, lectures, demonstrations and film and slide shows. A very wide variety of subjects can be covered.

The staff will also assist in solving problems which teachers or members of the public may encounter.

One copy of the magazine will be mailed bi-annually to every school in the Free State. Friends of the Museum, donors and others who have shown a particular interest in the Museum will also receive copies. In addition copies will also be available at the sales counter in the foyer.

Written requests for copies should be addressed to: The Director, National Museum, P.O. Box 266, Bloemfontein.

VOORBLAD: 'n Vooraansig van die Museum gesien deur 'n visiooglens.

COVER PICTURE: A front view of the Museum as seen through a fish eye lens.